# 'N WOORD VOORAF - WORD OF INTRODUCTION

Hierdie uitgawe van *Scriptura* verteenwoordig 'n belangrike fase in die groei van die vak Bybelkunde in Suider-Afrika omdat dit die eerste publikasie is waarvoor die Suider-Afrikaanse Bybelkundevereniging in sy geheel verantwoordelik is.

Die vak het eers teen die vroeë sestigerjare 'n selfstandige universiteitsvak geword. Hierdie vroeë jare is gekenmerk deur 'n worsteling om die identiteit en taak van die vak. Dit moes afgegrens word van Godsdiensonderrig op skool, kerklike godsdiensonderrig en die teologie. Die vraag na die verhouding met ander teologiese vakke het die gespreksgeleenthede oorheers en die probleem van die ensiklopediese plek daarvan is tot op hede toe nog geen uitgemaakte saak nie. Alhoewel dit 'n belangrike funksionele rol vervul het (en in sommige kringe nog vervul) in die opleiding van leerkragte vir die onderwysberoep, het dit heel gou duidelik geword dat dit nie die enigste bestaansreg vir die vak kan wees nie.

Gedurende die sewentigerjare is daar verskeie pogings aangewend om 'n forum te skep waar dosente in die vak met mekaar in gesprek kon tree. Hierdie pogings het nie geslaag nie weens die uiteenlopende beskouings wat dosente eerder van mekaar vervreem het as dat dit hulle nader aan mekaar gebring het. Op 9 Mei 1981 is daar 'n byeenkoms aan die Universiteit van Pretoria gereël waar 11 universiteite en verteenwoordigers van verskeie onderwysdepartemente teenwoordig was. Dit het spoedig geblyk dat daar intussen 'n klemverskuiwing plaasgevind het: weg van verskille, na gemeenskaplike sake en probleme. Op hierdie vergadering is 'n komitee aangewys om ondersoek in te stel na 'n werkgemeenskap vir Bybelkunde (vgl *Scriptura* 4, 18-22). Op 16 April 1982 is daar tydens 'n kongres aan die Randse Afrikaanse Universiteit oorgegaan tot die stigting van so 'n werkgemeenskap onder die naam 'Die Suider-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Bybelkunde.' In 1986 is die naam verander na 'Die Suider-Afrikaanse Bybelkundevereniging.'

In die begin is daar baie aandag gegee aan knelpunte op die gebied van Bybelkunde en Godsdiensonderwys. Aandag is gegee aan onderlinge erkenning van en groter eenvormigheid in leerplanne aan universiteite; leerplanne van Bybelkunde op skool; verhoudings met onderwysowerhede; doseermetodiek; die waarde van Bybelkunde op verskillende terreine; die verhouding van die vak tot aanverwante vakrigtings en kerklike onderrig; en soortgelyke sake. Geleidelik het daar 'n klemverskuiwing plaasgevind en is daar al meer aandag gegee aan prinsipiële en akademiese sake met betrekking tot die vak. Tekenend hiervan is die besluit in 1987 dat daar werkkomitees in die lewe geroep moet word waar lede gedurende die jaar saam aan bepaalde temas kan werk vir bespreking op die kongres. Verder word daar nou ook ernstig gevra of dit verantwoordbaar is dat die vak op universiteitsvlak so geheel en al op die opleiding van onderwyspersoneel gerig moet wees en of daar nie 'n wyer verantwoordelikheidsveld bestaan nie.

Die doelstellings van die Vereniging is in sy konstitusie omskryf. Die hoofdoelstelling is die koördinering en bevordering van professionele en

navorsingsbedrywighede op die gebied van Bybelkunde. Daarnaas wil dit onderlinge skakeling met dosente bewerk, aandag gee aan die standaard van sillabusse en die beoefening van die vak, die bevordering van Godsdiensonderrig/Bybelonderrig op skool, en die versameling en verspreiding van inligting op die gebied van Bybelkunde.

The growth of the Southern African Biblical Studies Society is very notable in its membership. When the Society was founded in 1982, its membership was 46. Five years later, in 1987, this number had increased to 115. The members represent 18 different universities, 16 colleges and three departments of education. Taking into account that membership is limited to persons in specific educational professions only, this growth is remarkable.

Soon after the Society was founded the need arose to find a journal that would publish the papers read at the annual congress. The editors of *Scriptura* were only too willing to publish some of the papers (cf vols 4-1981, 7-1982, 9-1983, 13-1984 and 20-1987). However, it became clear that the Society needed a journal of its own. After much investigation and discussion it was realised that because of financial and other reasons, we would not be able to start a journal on our own. So it was decided to negotiate with the editor of *Scriptura* with regard to a special issue of *Scriptura* once a year which could carry articles that relate to our Society.

The following arrangement was reached and subsequently endorsed by the Annual General Meeting of the Society.

1. A special issue will be published once a year according to the needs of the Society, and an index of the articles published in the other issues of the journal during the past year will be included for the benefit of those members who do not subscribe to the normal issues of *Scriptura*.

2. The Society is to appoint its own editorial panel to accept responsibility for everything in connection with the publishing of the special issue.

3. The articles published have to be of high standard and approved by competent referees, seeing that *Scriptura* is now an approved periodical for subsidy purposes.

4. The subscription fee will be R5 per member per annum.

At the Annual General Meeting held in May 1987 it was agreed that membership fees are to be increased by R5 in order to allow for this subscription fee.

It was also decided to appoint the following members as the editorial panel: Dr P J Hartin (Wits) as editor, Professors W J van Huyssteen (UPE) and P M Venter (UP).

The publishing policy is as follows:

Members are invited to submit articles within the field of Biblical Studies, Bible Education and Religious Education at tertiary level. Although this refers to matters such as content, method and context with regard to these subjects, it also includes results of research with regard to the various facets of these subjects, such as Old Testament, New Testament, Systematic Theology, Psychology, Didactics, etc. Still,

the idea is to publish articles that would normally not appear in other theological journals, in order to create a publication with specific features, characterising it as a mouthpiece of our Society. Naturally, papers read at the annual congress of the Society will be considered for publication.

In view of the fact that *Scriptura* is an approved periodical for subsidy purposes, a very high standard is to be maintained. Accordingly, all manuscripts submitted for publication are evaluated by at least two competent referees before they are considered by the editorial panel.

Furthermore, it is important that articles published in this journal should be of uniform outward appearance. To facilitate the task of the editorial panel, members are kindly requested to comply to the guidelines in *Scriptura* 20, 87-92 (March 1987).

Ek vertrou dat lede hierdie nuwe publikasiegeleentheid met entoesiasme sal benut deur ons van artikels te voorsien wat die doelstellings van ons Vereniging sal bevorder en tegelykertyd 'n standaard sal stel wat aansien sal verleen aan die Suider-Afrikaanse Bybelkundevereniging.

W Vosloo (Voorsitter/Chairman)